DUUR KERKGEBOU SONDER SKULD INGEWY

Die Vaderland 13 Mei 1937.

Groot Skaar Woon Plegtigheid Op Delarey By

(Van Ons Eie Korrespondent)

BARBERSPAN, 10 Mei.—„Moet nie glo dat die vooruitgang van die Afrikaanse Kultuur juis daarin geken word dat daar baie kultuurverenigings gestig en vergaderings gehou word nie. Nee, u vind dit die sterkste in die Afrikaner se godsdienssin en dis tipies dat wanneer daar 'n mooi gebou op 'n dorpie is, dit as reël een van die drie Hollandse kerke is," het mnr. Gerard Moerdyk, die bekende boumeester, in 'n besielende toespraak verklaar by geleentheid van die inwyding van die nuwe kerkgebou op Delarey.

'n Skaar van 2,000 mense was aanwesig. Die ossewaens het al van Woensdag af ingekom en toe die laer Donderdagmore getrek is, was daar 104 waens en 115 tente om die kerkgebou byeen.

Saterdagmore het 'n groot skaar die laaste diens in die ou kerksaal bygewoon. Ds. S. T. Potgieter het in sy rede verklaar dat die gemeente vandag saamgekom het om afskeid te neem van die kerksaal wat die afgelope 25 jaar in gebruik was. Die Delarey-gemeente tel vandag 1,100 lede. Die dominee het uit die kerkboeke aangehaal dat daar 340 pare in dié tyd getroud is, 970 aangeneem en 1,632 gedoop.

„Met droefheid," het die leraar vervolg, „moet ek ook melding maak dat ons in die tyd ook moes afskeid neem van getroue ampsdraers, soos wyle komdt. A. P. Visser wat tot sy dood as kerkraadslid van hierdie gemeente gedien het."

'n Kollekte ná die diens het £713 opgelewer.

Saterdag om drie-uur het die gemeente saamgekom voor die ou saal en dit was 'n grootse gesig om 'n skaar van 2,000 mense in optog na die nuwe kerkgebou te sien. Voorop het die twee oudste ouderlinge met die Bybel en gesangboek geloop.

Voor die nuwe kerk het ds. Potgieter almal welkom geheet. Hierop het mnr. G. Moerdyk 'n paar treffende woord tot die skare gerig. O.a. het spr. daarvan melding gemaak dat hy verlede jaar by die hoeksteenlegging gesigte voor hom gesien het wat vol kommer en sorg oor die selfopgelegde taak was. Vandag egter is dit 'n blye skaar wat deur bereidwillige samewerking iets buitengewoons behaal, nl. om 'n kerk van £10,840 sonder 'n pennie skuld in te wy.

Mnr. Kempen het in afwesigheid van mnr. Sasson, die burgemeester, die boukommissie gelukgewens met die pragtige gebou wat 'n sieraad vir die dorp is. Talle telegramme is hierop deur die plaaslike leraar voorgelees wat almal die gelukwensinge bevat van 'n groot aantal belangstellendes.

Ná die sing van psalm 100 : 3 is die sleutel deur mnr. Moerdyk afgegee, waarna die deur deur mev. ds. Potgieter oopgesluit is.

'n Treffende wydingsrede is deur ds. W. Nicol uitgespreek na aanleiding van Openbaringe 3 : 8: „Kyk Ek het vir julle nou 'n geopende deur gegee."

Die kerk wat sitplek bied vir 800 mense, was stampvol, terwyl in die gange geen staanplek te kry was nie en 'n groot aantal mense voor die deure saamgedrom het. Die kerk wat op 'n hoogtetjie gebou is, kan nie alleen vanuit die hele dorp gesien word nie, maar is uit sekere rigtings 20 myl ver sigbaar. Die gebou se dak is geheel van Yskor-staal gemaak. Die kansel is pragtig versier met gekleurde blokkies, terwyl die vloer met bruin blokkies uitgelê is. Die eenvoudige maar gemaklike banke is boogvormig in die kerk aangebring, terwyl die allerpragtigste kroonligte, 'n geskenk van die plaaslike leraar se gesin, die gebou saans verlig.

Die feestelikhede het al Donderdagaand begin toe 'n welgeslaagde konsert gehou is wat £39 ingebring het. Vrydagmore is 'n basaar gehou wat £150 opgelewer het. Altesaam is oor die naweek £1.500 ingesamel, sodat op die hele bedrag slegs £404 kortgekom het. 'n Uur later is egter 'n verdere som van £713 ingebring.

Die susters van die gemeente het ingestaan vir die kerkbanke en het £950 ingesamel, terwyl die banke maar £732 gekos het. Die kinders van die gemeente wat die preekstoel sou gee, het so ywerig gewerk dat hulle instede van £85, die mooi som van £133 bymekaar gemaak het.

Die mooi marmer hoeksteen is 'n geskenk van mnr. en mev. D. Badenhorst, die weerhaan 'n geskenk van mnr. en mev. C. J. du Preez, terwyl die gegote betonwerk 'n gift van wyle komdt. A. P. Visser is. Die ander elektriese ligte is 'n geskenk van mnr. en mev. L. D. C. v. Wyk.

Sondag is die dienste deur ds. W. Nicol, moderator van die Ned. Herv. of Geref. kerk van Transvaal, waargeneem.

'n Koor onder leiding van mnr. Lambrecht, van Delarey, het die verrigtinge met pragtige musiek opgeluister.

Die groot getal van 20 kindertjies is Sondag ten doop gebring, terwyl 60 jong lidmate Saterdagaand voorgestel is.